As God jou wêreld lei?!

Handelinge 14:1-28

Inleiding

- Die afgelope twee weke gesels ons oor God in die chaos van jou lewe.

- Ons het ontdek dat

    - God mense se wêreld soms skud,
        - jou aandag kry,
        - jou dan kort en eenvoudige opdragte gee waar Hy weer lei en jy volg,
        - ...soos dit hoort.

    - Dan, ...soos wat jy gehoorsaam begin volg in die klein goedjies,
        - al weet jy nie waarheen nie,
        - skuif God jou prentjie van die wêreld om jou!
        - Jy ervaar dan 'n 'Aha!' oomblik waar jy op 'n nuwe manier sien
            - waarmee God besig is
            - met jou in sy wêreld.

- Dis hier waar ons vandag weer verder gesels.
    - As jy dan nou wegval met dit wat God jou vra,
        - ... gaan als dan goed gaan omdat jy besig is vir God?

- Nee!

- Dinge begin skeefloop.
    - Verkope neem af.
    - Afsprake word gekanselleer.
    - Borge onttrek.
    - Mense daag nie meer op nie.

- Party mense is openlik vyandig. Jou tyd raak te min.
- Griep trek jou plat en dan breek hulle by jou kar in en steel al die voorraad wat jy nodig het...

- Skielik lyk dit asof die bodem begin uitval en dan,
  - ...dan begin jy weer wonder... "Hoekom Here?
  - Ek loop dan nóú op die regte pad...
    - En dit is soms 'n groter skok as God se skud heel aan die begin!

- Maar dit is in daardie oomblik dat jy regtig gaan begin ontdek
  - wat dit is om Christus te volg
  - en deel te wees van God se koninkryk en plan met die wêreld.
  - Dat Christenwees nie maar als 'n 'goedvoel-liewe-Jesus' besigheid is nie.

- Kom ons kyk dieper...weer na Handelinge...

Die eerste sendingreis se plek in die vroeë kerk.

- Paulus en Barnabas het
  - nadat hulle wêreld geskud en geskuif is deur God,
  - hulle nuwe plek in God se wêreld verstaan.

- In Handelinge 13:1-3 sien ons
  - hoe 'n klomp gelowiges deur die Heilige Gees gelei is om Paulus en Barnabas te stuur om te gaan begin met sendingwerk.
  - Opgewonde word vir hulle gebid en word hulle weggestuur op hierdie heilige Godgegewe avontuur...

- Dit was die eerste regte georganiseerde 'sendingwerk' van die vroeë kerk.
  - Hulle het nog nie regtig geweet hoe om dit aan te pak nie
  - en ook nie 'n idee gehad hoe mense gaan reageer nie...

- maar die Here self het hulle daartoe gelei so...
    - 'Wat is die moeilikheid?!'

Die eerste sendingreis se kronologie en gebeure.

- Maar dis toe wat die dinge begin gebeur....
    - Hulle het op hierdie eerste sendingreis 8 dorpe besoek waarvan ons weet.

- Handelinge 13 vertel dat hulle in die eerste 4 dorpe, o.a.
    - teengestaan is deur 'n towenaar,
    - dat net een persoon tot bekering gekom het,
    - en dat een van hulle helpers, Johannes, eerder omgedraai het huis toe.
        - Dinge het nie te goed gelyk nie.

- In die volgende stad wat hulle besoek het, Antiogië-Psidië (dorp 5),
    - het hulle die Sabbat by 'n sinagoge gaan preek en van die mense het gelowig geword.
        - Dinge het begin beter gelyk.
    - Maar die Jode en ander belangrike mense in die stad was so kwaad dat
        - hulle vir Paulus en Barnabas weggejaag het uit die stad uit.

- Daarna is Paulus-hulle na Ikonium (dorp 6)toe.
    - Hier het die eerste Sabbatdag by die sinagoge sommer 'n klomp mense tot geloof gekom.
    - Dit het weer natuurlik nie goed afgegaan vir 'n klomp Jode nie en hulle het die ander inwoners opgesweep teen Paulus-hulle.

    - Maar Paulus-hulle het nou al begin sien dit is maar hoe dinge gaan werk en dan lees ons in v 3 "*[3]Ten spyte hiervan het die apostels 'n geruime tyd in die stad gebly en in vertroue op die Here onbevrees gespreek.*"

- Maar dit het so erg geraak dat die mense hulle met klippe wou doodgooi,
    - en toe besluit Paulus-hulle om eerder aan te beweeg na die volgende dorp, Listra (dorp 7).

- Terwyl hulle daar werk en preek om 'n misverstand oor hulle wonderwerke reg te stel,
    - kom daar dieselfde suur Jode aan van die vorige twee dorpe waar hulle was.
    - Die klomp gooi Paulus toe daar met klippe, en sleep hom toe uit die stad omdat hulle gedink het hy was toe uiteindelik dood.
    - Maar hy was nie, waarskynlik net bewusteloos.

- Die volgende dag is Paulus-hulle na Derbe (dorp 8)
    - waar baie mense ook weer tot geloof gekom het.
        - Dit was die laaste dorp wat hulle besoek het.

- Daarna het hulle het toe op hulle spoor teruggegaan
    - na die stede waar hulle was en die nuwe gelowiges weer besoek en bemoedig.
    - Hierdie eerste sendingreis was +- 'n jaar lank.

Paulus-hulle se insig oor hulle werk.

- Hoeveel van ons sou nie na so ‘n jaar eerder besluit het:
    - ‘Nee wag... dis eintlik slegte besigheid.
    - Kom ons soek iets anders wat makliker werk.’ nie.

- ...Hoe hét Paulus-hulle gevoel oor
    - al die moeilikheid wat hulle gekry het
    - met net ‘n klein bietjie positiewe reaksie op hulle werk?

- Kom ons lees vers 22: “[22]*Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. “Ons sal eers deur*

baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom," het hulle gesê.'

- Hulle het teruggekyk na hulle werk oor die laaste jaar en besef:
  - dit is nie kinderspeletjies hierdie nie!
  - Letterlik was hulle opsomming oor dit als:
    - 'Dit is <u>noodsaaklik</u> dat ons deur baie probleme/teenspoed/spanning in die koninkryk van God ingaan.'

- Toe als skeefloop was die vraag nie
  - of hulle op die regte plek besig was met die regte dinge nie.
  - En ook nie hoe hulle God se arm kan draai om dinge beter te maak nie.

  - Hulle het eerder besef dat probleme, stres en swaarkry deel was van die pakket.

    - Dit was eintlik noodsaaklik, is wat letterlik hulle gevolgtrekking is!

- Hoekom noodsaaklik! ...Hoekom **<u>noodsaaklik</u>**!!!!

- Jare later verduidelik Paulus in 2 Korintiërs 12
  - wat die Here geantwoord het nadat hy 'n keer gesmeek het dat dinge moet beter gaan;
  - God se antwoord was:
    - "*My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.*"

- En Paulus se gevolgtrekking was:
  Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. [10]Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

- Hoekom is dit noodsaaklik dat jou pad moeilik gaan wees?
    - Sodat Christus se genade sal skitter en nie jy nie!
    - Sodat sý krag duidelik word en nie joune nie.

- Ons sien die patroon regdeur die Bybel
    - hoe God juis swakheid kies om deur te werk,
    - en onmoontlike omstandighede om Homself mee duidelik te maak.

- Toe Hy die volkie Israel gekies het aan die begin
    - het hy die verloorspan op die onderkant van die wêreld-ranglys van volke gekies.
    - En Hy het met hulle die Egiptenare op die bokant van die ranglys uitgeskakel.

Deut 7:

> [6]*Jy is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.*
> [7]*"Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.* [8]*Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die Farao, die koning van Egipte.*
> [9]*"Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God.*

- Dit is hoekom Hy skud en skuif en lei in die chaos van jou lewe:
    - ...Dat almal sal weet, die Here is God!

- En dit word juis al hoe duideliker
    - hoe meer ons sukkel, en nie regkry nie
    - en hoe meer Hy regkry ten spyte van ons sukkel!

Verslag oor hulle werk.

- ‘n Jaar later en dít is die realiteit wat Paulus-hulle moes agterkom.
    - Hulle is daarna uiteindelik terug huis toe.

- Hier het hulle almal bymekaar geroep en vertel
    - hoe God eintlik aan die werk was waar daar wel sukses gesmaak is.
    - Hulle was eerlik oor al die teëspoed,
        - en dit het die fokus juis eerder op die suksesse gesit van wat God deur hulle gedoen het.

Toepassing

- Wat is die punt?

- Geskud, geskuif en nou gelei....

    - Omdat die Here jou 'n ‘Aha!’ oomblik gegee het en jou so lei in 'n rigting om vir Hom te werk
    - beteken nie dat als sonder probleme net maanskyn en rose gaan wees net omdat Hy daarin is nie!

- Daar gaan nog chaos wees in jou lewe!
    - ALTYD en altyd vir solank as wat jy op hierdie aarde rondloop!
    - Die area waarin dit is sal dalk net afwissel!
    - Raak gewoond daaraan.

- Maar die chaos in jou lewe beteken nie
    - dat God nie besig is nie,
    - of nie omgee nie.

- ***<u>Dis nie soseer dat God ‘teen’ jou is nie, Hy is eerder maar net ‘vir’ Homself.</u>***

- Kom ons staan net vir ‘n oomblik bietjie terug
    - en verbeel onsself dat ons nie die middelpunt van alles is nie.

- Kom ons hou vir ‘n oomblik op om met God te baklei
    - en van Hom te eis om Homself elke keer te verduidelik as iets nie vir ons uitwerk nie!

- Kom ons onthou vir ‘n oomblik
    - hoe ons eintlik verantwoordelik is vir hierdie gemors.

    - Dat dit gebeur het toe Adam en Eva, wat God se grootheid moes weerspieël soos 2 groot spieëls saam met die hele skepping,

    - eerder God se eer wou steel, en soos Hy wou wees, en alles om hulle wou laat draai.

- Kom ons wees eerlik dat
    - ons eintlik elke dag met dieselfde ding besig is
        - om God uit en onsself in die middel van als te probeer kry.

- Maar nou is die Almagtige en Heilige Een besig met ‘n agenda en plan groter as my en jou ego, eer of gemak!

    - Hy is besig om deur die eeue weer die fokus en die aandag op sy heiligheid, volmaaktheid en goedheid te plaas.

    - En die oomblik wat sy goedheid nog die duidelikste was,
        - was toe Jesus Christus vir ons verraad betaal het,
        - en Hy ons geroep het om weer deel van sy plan te wees,
        - binne in die chaos van jou lewe.

- Want sien dit raak:
    - God kan nou nie meer gesien word in ons volmaaktheid nie, want ons is nie.
    - Maar Hy het alles so fantasties omgedraai dat Hy nou gesien kan word, juis in my en jou onvolmaaktheid.
        - In my swakheid, en ook in die chaos van jou lewe.

- Paulus-hulle,
    - flou en moeg na ‘n jaar se gesukkel met die chaos in hulle lewens,
    - het hulleself moes herinner
        - dat dit als gaan oor **God se koninkryk wat besig is om te kom**
            - in die swaarky, chaos en teëspoed,
        - en nie hulle wat spesiale behandeling moes kry omdat hulle vir Hom werk nie.

Slot

- God skud, God skuif en God lei vandag nog mense se wêrelde!
    - nie in een van die gevalle is dit noodwendig vir ons aangenaam of 'n vlot proses nie.

- Daar sal altyd chaos in jou lewe wees, dit is eintlik self noodsaaklik!

- Moenie net gaan lê en jou skouers laat hang by die eerste teken van teëspoed nie.
    - Die chaos in jou lewe beteken nie dat God teen jou is nie,
    - Hy is eerder net vir Homself.

    - Want in ‘n verhouding met Jesus Christus,
        - en met sy Gees wat in jou en deur jou werk
    - is die chaos keer op keer geleentheid vir Hom
        - om deur te skyn met sy wonderlike lig en krag in die wêreld om jou.

- Volhard! Volhard! Volhard!
    - Moenie bang wees.
    - Moenie ophou nie
    - en moenie moeg word nie.

- Want God Almagtig is by jou in die chaos van jou lewe,
    - en dit dra óók by tot sy eer om jou daarin te beskerm

- en nie uit sy hand te laat val nie.

- Hy skud, Hy skuif en Hy lei tot sy eer!
  - En só is ons saam op pad met God, in die chaos van ons lewens!

Amen.

Griffel van Wyk
31 Augustus 2014
Trinitas